



Kerklike maatreëls rakende Covid-19

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 16 Maart in 'n dringende vergadering byeengekom in die lig van die noodtoestand wat in Suid-Afrika afgekondig is om die verspreiding van die COVID-19-virus te bekamp.

Die Kommissie spreek hul meegevoel uit teenoor almal wat persoonlik en direk op verskillende wyses deur die wêreldwye uitbraak van die virus geraak word. Dit sluit nie net die mense in wat geïnfekteer is nie, maar ook persone met familieledede in die buiteland. Die Kommissie dink in die besonder aan mense wie se daaglikse lewens, werkgeleenthede, besighede, reis en verblyf deur die pandemie geraak word. Dit sluit ook gemeentes in wie se fondsinsamelingsbyeenkomste direk deur die noodsituasie geraak word. Die Kommissie doen in die besonder voorbidding vir alle mediese personeel en persone wat in hierdie moeilike tye moet diens lewer terwyl hulle gevaar loop om met die virus besmet te word.

Soos alle verantwoordelike landsburgers, moet die Kerk ook ag slaan op die buitengewone maatreëls wat op 15 Maart deur die Staatspresident afgekondig is. Buitengewone omstandighede vra na buitengewone besluite, ook binne die ruimte van die Kerk. Die Kerk dra die welsyn van ons lidmate en al ons medeburgers op die hart, en wil dit deur ons optrede bevestig.

Daarom doen die Kommissie 'n beroep op elke kerkraad om met groot verantwoordelikheid te oordeel of hul gemeente tans met eredienste en die gewone gemeentelike aktiwiteite kan voortgaan. Groter gemeentes moet deeglik kennis neem van die verbod op byeenkomste van meer as 100 mense, en kleiner gemeentes wat oordeel dat hulle met eredienste en ander aktiwiteite wil voortgaan, moet verantwoordelikheid aanvaar om lidmate wat gevaarlike plekke besoek het of op gevaarlike plekke werk, lidmate wat simptome vertoon, ouer lidmate en lidmate met swak gesondheid of lae immuniteit te waarsku om eerder nie die byeenkomste by te woon nie. Waar eredienste en byeenkomste (insluitend huweliksbevestigings en begrafnisse) wel plaasvind, moet lidmate verkieslik nie fisiese kontak met mekaar maak nie en moet daar voldoende middels beskikbaar wees om 'n hoë graad van higiëne te verseker. Kerkrade moet rekening hou met die moontlikheid dat die virus 'n tyd lank kan oorleef op meubels en ander voorwerpe nadat dit besmet is.

Die Kommissie wil gemeentes tog daarop wys dat daar tans verskillende opsies bestaan om deur die elektroniese media versterking te kry uit die Woord en ook om deel te hê aan eredienste. Die Kerk se webblad (www.nhka.org) bevat gedagtes vir die dag, dagstukkies, preke, en selfs skakels na eredienste wat opgeneem is. Daar is ook skakels na enkele gemeentes wat elke Sondag 'n erediens lewendig stroom. Hierbenewens versoek die Kommissie die direksie van GLOmedia (<https://glomedia.tv/>) om weekliks een erediens wat gemeentes of lidmate kan gebruik, gratis op hul platform beskikbaar te stel.

Die Kommissie van die AKV het ook besluit om die Inligtingsvergadering wat vir 18 Maart 2020 gereël was, te kanselleer. Ringskommissies word versoek om na gelang van hoe sake ontwikkel, besluite oor die komende ringsvergaderings te neem. Die Moderamen sal deurentyd die situasie dophou en met die Kerk skakel en aanbevelings maak. Waar dit moeilik mag wees om eredienste te hou, word die Kerk se lidmate steeds aangespoor om hul krag in die Woord van God te soek en in gebed te volhard. Daarby word gelowiges opgeroep om diens te lewer waar dit moontlik en nodig mag wees. Soos in die vroeë kerk word gelowiges, wat die vrees vir die dood oorwin het, opgeroep om te dien waar ander terugdeins.

Mag die Here sy kerk gebruik. Mag die Here u seën en beskerm en aan u vrede gee.

Dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Kommissie van die AKV

Lief en leed

- **Ds Lammert van Rooyen** (Lichtenburg-Oos) se skoonvader is onlangs oorlede. Ons innige simpatie gaan aan **mev Thea van Rooyen** en hul familie.
- **Ds Rudi Rust** (Vanderbijlpark-Oos) het hierdie week 'n nare ondervinding gehad. Hy vertel: *Nou is ek ook deel van die statistieke. Op 16 en 17 Maart was ek op 'n kursus (Beradingskursus!) in Pretoria. Maandag ongeveer 19:00 is ek by 'n petrolstasie deur 'n swart man gekaap. Ek is aangesê om na 'n woonstel in Sunnyside te ry. Vier ander het bygekom. Die veginstink het by my ingeskop, maar hulle was 'n oormag. Twee van hulle is weg met my bankkaarte. Die volgende ure was hel. Hulle het belowe hulle sal niks aan my doen nie, solank ek saamwerk. Een het selfs die wond teen my oog met dettol skoongemaak! Na middernag het die ander twee teruggekom. Ek moes onderhandel of ek my selfoon of my trouing terug wil hê. Ek het die trouing gekies. Hulle was gaaf genoeg om my bankkaarte en die simkaart van die selfoon terug te gee. Teen halfeen die oggend het hulle my laat gaan met alles nog net so in my motor. Afgesien van emosionele trauma, 'n hou teen my oog en kop, skraap- en kneusplekke, 'n verstuite duim en duisende rande armer, dank ek God dat ek lewe. Ek kon Dinsdag teruggaan na die kursus waar ek toe self traumaberading ontvang het.* Ds Rudi, ons bid u en u vrou, Erna, vrede toe.
- **Ds Renier Lee** (emeritus) laat weet soos volg: *Toe ek Donderdag (5 Maart) na ons gesprek op Port Elizabeth land, is my beursie by die betaalpunt vir geparkeerde motors gesteel, met R1000, saam met my bestuurlisensie. Die volgende oggend val ek van 'n leer en breek my been net bokant my enkel. Vir die volgende ses weke is ek dus op krukke. Dit was dus 'n week met gemengde gevoelens.* Baie sterkte, Dominee!
- **Dr Hennie Botes** se gesondheid is tans onder druk vanweë aneurismes. Ons bid hom spoedige beterskap toe.
- **Prof Piet Geyser** ondervind gesondheidsprobleme weens 'n drasties verminderde stemfunksie. Ons bid hom en sy vrou, Louise, die Heer se bystand toe in hierdie moeilike tyd.
- **Mev Rika de Beer**, weduwee van ds WCM de Beer, het onlangs geval en ondervind nou gesondheidsprobleme. Ons bid haar spoedige herstel toe.
- **Ds Mariaan Beukes** (Meyerton/Sonlandpark) se kleindogter is gebore. Daar was groot spanning tydens die geboorte, maar ma en dogter is nou albei wel. Baie geluk!
- **Ds Pieter Schalk van Staden** (emeritus), wat op 18 Maart 94 jaar oud was, vier Sondag 22 Maart sy 70-jaar-ampsjubileum in Gemeente Witrivier. Hy sal self ook 'n preekbeurt kry in die diens wat vanaf 10:00 plaasvind. Belangstellendes is welkom om die erediens by te woon.
- **Die volgende predikante verjaar tot 27 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
 - Vrydag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagtend/*Die Christelike Vrou*) en PA (André) Harmzen (buiteland/Swartkop)
 - Saterdag 21 Maart: Ds PP (Paul) Jooste (emeritus)
 - Maandag 23 Maart: Ds FB (Bernie) Sneygans (Hartebeestpoort)
 - Dinsdag 24 Maart: Ds JM (Janine) Bevolo-Manders (Witfontein)
 - Woensdag 25 Maart: Ds BJ (Barnie) van der Walt (Bybelgenootskap/Namib-Suid)
 - Donderdag 26 Maart: Ds DJP (Dirk) Stoltz (emeritus)
 - Vrydag 27 Maart: Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)



Ds Rudi Rust



Prof Piet Geyser



- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
 - **Eswatini:** Bid asseblief dat God se Woord wyd in die land versprei sal word, veral onder jongmense en kinders.
 - **Namibië:** Vra voorbidding vir die Bybelgenootskap se werk in 'n onstabiele ekonomie. Bid asseblief vir die nodige fondse vir die nuwe vertaling in Oshivambo.
 - **Suid-Afrika:** Dank die Here vir die 200 jaar van Bybelwerk in ons land. Doen asseblief voorbidding vir die Jaar van die Bybel en die projek van tweemiljoen Bybels vir Suid-Afrika in 2020, asook die bekendstelling van die nuwe vertalings in isiZulu en Afrikaans.


Gemeentes en bediening



Prop Anel Boshoff

- Na aanleiding van die beperking op byeenkomste, het GLOmedia.tv besluit om weekliks 'n **GRATIS erediens op die web** te plaas wat op Sondag gekyk kan word (indien daar gemeentes is wat nie erediens hou nie). Klik net op die volgende skakel om die erediens van **ds Janine Bevol-Manders** van Gemeente Witfontein te volg:
<https://vimeo.com/user108355006/review/398469952/7fc5efddc7>

- **Prop AC (Anel) Boshoff** (beroepafwagting) het 'n beroep ontvang na Kriel.
- **Prop PW (Waldo) Pretorius** (beroepafwagting) het 'n beroep ontvang na die Kuruman-kombinasie.



Prop Waldo Pretorius

- **Uitnodiging na Bikerdiens**
Sondag 22 Maart vanaf 09:00
Gemeente Newlands
hv 7de en Watervalweg, Newlands, Johannesburg
Die lewe is soos 'n motorfiets
Maalvleisvetkoeke sal te koop wees
Navrae: Ds CJ van Wyk 011 476 3210



- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.
- Die NHKA beskik oor 'n **vakature** vir 'n **professionele assistent** by die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) op UP se kampus**.

Vereistes

- Nasionale sekretariële diploma.
- Ten volle rekenaarvaardig in Microsoft Office, Adobe, PeopleSoft, internet.
- Uitsonderlike kommunikasie in Afrikaans en Engels.
- Funkusionele kennis van finansiële prosesse en stelsels.
- Funkusionele kennis van administratiewe prosesse en stelsels.
- Funkusionele kennis van sosiale media.
- Geldige rybewys.
- Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.

Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Die beoogde datum van aanstelling is 1 Mei 2020. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 April 2020.**

Indien u aan bogenoemde voldoen, stiptelik en pligsgetrou is, oor goeie organisatoriese vaardighede beskik en goeie persoonlike verhoudings handhaaf, kan u aansoek doen deur u volledige CV te e-pos aan mev Susan Moore by mannekrag@nhk.co.za (tel 012 322 8885).

Vergaderings

- Donderdag 19 Maart: Rata Bestuur
Redaksie van *Die Hervormer*

Kerklike publikasies



'n Gedig

By die ou digter

Ek wou nog so baie doen;
gedigte skryf wat anders is,

Bome teken, are teen die mis –
nou sit ek, met uile wat in my roep

Op my huis se agterstoep.
Dis 'n ou huis teen die see,

Plek-plek val die pleister af
en kom hier mense, skarnier my tong

Lawaaierig . . . my stories is kokkerotte
wat skarrel agter kastrolle en potte;

Ek is 'n ou huis teen die bult bo die see
sonder 'n stoof wat binne my brand,

Met op die drumpel, elke oggend,
die aanmars van die sand.

Etienne van Heerden

(Uit: *Obiter dictum*, 1981)

Barmhartigheid

- **Beeld-Kinderfonds: Prestige Gholfdag**
Dinsdag 21 April by Steyn City
Gholfbaan ontwerp deur Jack Nicklaus
Veld is beperk tot 20 vierballe
Geleentheid om putjies te borg
Navrae en besprekings by Adrie van Staden
076 597 1282 / info@beeldkinderfonds.co.za

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

Toerusting

Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

- **Welstandsnaweek vir predikante en gesinne.** Die ring van Oos-Kaapland bied van **27 tot 29 Maart** 'n welstandsnaweek aan vir predikante en hul gesinne. Dit vind plaas by die Wilgerfontein-reservaat in die Oos-Kaap. Die program fokus op persoonlike welstand, leierskapontwikkeling en geestelike vernuwing. Vir ontspanning is daar 'n wildrit, staproetes en binnebande op die Visrivier. Daar is nog plek beskikbaar teen R420 per dag (etes en verblyf ingesluit). Kontak ds Danie Taljard by 082 901 2021.
- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**
2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September
2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart
Skripsie: April 2021
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies
 Plek: Westview Metodistekerk, Centurion
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za
- **Brugbedieningskursus by UP**
Week 1: 27-30 Julie
Week 2: 9-12 November
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
 Plek: UP
 Kursuspunte: 70
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkopoggend**
Saterdag 18 April vanaf 10:00
 120 skaapkoppe beskikbaar teen R400 per kop
 Sluit in snybord en sakmes
 80 gewone ontbyte teen R100 elk
 Kontantkroeg beskikbaar
 Gaskunstenaar
 Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
 Belinda 076 626 7571

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex Saterdag 23 Mei**
Gesinspretdag en windbukskompetisie
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
Wenner word aangekondig op dié dag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
Maak wins van 75% of 50%
Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
18 Augustus by Silver Lakes
Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Basaars

- **Gemeente Warmbad: Bosveldbasaar**
Vrydag 28 Maart
hv Ludolph- & Mentzstraat, Warmbad
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
Met die gewilde Chris Coetzer (van Drie Tenore)
Vleis, ontbyt, smulgerigte, pannekoek, drinkgoed
Navrae: Julius Pistorius 082 878 8574

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Ek roep tot U, my God, wat my Genade is;
U wat my gemaak het
en my nie vergeet het toe ek U vergeet het nie.
Ek roep tot U om in my hart te kom,
want deur hierdie aansporing om na U te soek,
het U my hart gereed gemaak om U te ontvang.
Noudat ek U aanroep, vra ek:
Moenie van my af weggaan nie,
U, wat my ondersteun het selfs voordat ek na U gevra het.
U het my keer op keer op soveel verskillende maniere geroep.
Toe ek ver van U af was,
het U my sagkens aangemoedig om na u stem te luister,
om my nie meer van U af weg te keer nie,
maar U voortdurend aan te roep,
terwyl U my die hele tyd na U toe roep.

Augustinus

(Belydenisse, Boek XIII/1)